# DIE SKIETLOOD

225e Uitgawe 19 April 2024 saam met Koersvas 225

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

URSINUS SE PROLEGOMENA vervolg: Ursinus se argumente vry vertaal met eie kommentaar in blokkies:

SPESIALE VOORWOORD TEN OPSIGTE VAN DIE KATEGESE

4. WAAROM IS DIT BELANGRIK OM DIE KATEGISMUS IN DIE KERK TE HÊ EN TE LEER?

Daar kan verskeie redes aangevoer word om die Kategismus as noodsaaklik aan te bied.

> **Opmerking**: Geen stelling word gemaak sonder om dit deeglik te begrond nie. So ook hier; die Kategismus se noodsaak kan nie net gepostuleer word nie, dit moet aangedui word.

a. Dit is God se opdrag; Deuteronomium 11:19 *"Leer dit vir jou kinders deur met hulle daaroor te praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."*

> **Opmerking**: Hierdie opdrag in Deuteronomium is gekoppel aan die verbond deur God ingestel. Die verbond gaan nie opgehef word nie, in Jesus het die verbond net sy volle betekenis gekry. Selfs in die nuwe verbond is die opdrag met ander woorde net so geldig en relevant.

b. Die Eer en Heerlikheid van God vereis dat nie net volwassenes nie, maar kinders ook die Here moet eer en dien; Psalm 8:2" *Kinders en suigelinge besing die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring."*

> **Opmerking**: Geloof is nie 'n saak van net volwassenes nie. God se bemoeienis met die mens sluit mense van alle ouderdomme in. So word seuns reeds op agt dae ouderdom besny. Hierdie verbintenis aan God maak dat God geëer moet word, en om dit te kan doen, moet die kinders God leer ken.

c. Dit is ten behoewe van ons saligheid en 'n vervullende lewe om 'n ware kennis van God en Christus te hê. Ons moet telkens herinner word dat ons nie eens deur ervaring en begrip God kan bereik nie. God word deur geloof geken omdat Hy Homself aan ons openbaar. Sonder geloof is geen kennis van God moontlik nie. Hebreërs 11:6 " *As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.*'

**Opmerking**: Kategese = beter en beter kennis van God. Dit lei daartoe dat ons 'n vervulde lewe kan lei, veilig in die oortuiging van ons saligheid in God. Om God te ken, moet ons leer van God se openbaring. Sonder Goddelike openbaring, is geen kennis van God moontlik nie, en sonder studie en kennis oordrag van hierdie inligting, kan ons God nie leer ken nie.

Dit is nodig om Christus en Sy boodskap te leer en verstaan, en daarvoor is onderrig noodsaaklik. Romeine 10:14,17 " *Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?* **...** *Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus*." Instruksies en prediking is noodsaaklik veral vir kinders en onkundiges.

**Opmerking**: Kennis is net deel van die geloof. Begrip is van groot belang. Om die nodige begrip te bekom is dit nodig om kategese te ontvang. Geloof sluit kennis en begrip in, hierdie kennis en begrip lei tot 'n rustigheid in die gemoed van die mens.

d. Vir die behoud van die kerk en gemeenskap is die kategese van groot belang. Uit die geskiedenis leer ons duidelik dat godsdiens en die aanbidding van God daartoe lei dat mense strewe na vroomheid, eerlikheid, geregtigheid en waarheid. Al hierdie waardes is van belang vir die groei en voortbestaan van die gemeenskap (gemenebes) en die kerk.

**Opmerking**: Kategese is nie net belangrik vir die enkeling nie. Die effek van kategese kan ook in die kerk en die gemeenskap gesien word. Die veranderinge in die hart van die gelowige katkisant, kring ook wyer na die kerk en lidmate. Lidmate se vroomheid het dan ook 'n impak op die gemeenskap waarbinne die kerk funksioneer. Kategese lei tot konsentriese sirkels van vroomheid, eerlikheid en waarheid en harmonie.

Ons vind hierdie waardes nie by barbaarse nasies nie, hulle het nog nie die vrugte van vroomheid en waardigheid gelewer nie. Dit is derhalwe van groot belang dat ons vroeg reeds ons volk hierdie waardes leer; ons is immers van vroeg af reeds sondaars wat ons naaste en God haat en skade wil aandoen. Hierdie sondige drifte word deur die kategese in bedwang gehou tot die beswil van self en gemeenskap. Sonder hierdie kategese sal die sondige aard van die mens kwalik weggeskeur kan word van die drange en drifte van die sondige aard.

**Opmerking**: Dit gaan oor die tem van self en gemeenskap. Kategese konfronteer die mens met 'n beter bestaan; 'n bestaan in vroomheid voor God.

Volgende keer lees ons verder oor Ursinus se denke rakende die noodsaak van kategese.